View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Nederlandse nasionalisme en Afrikaner-nasionalisme – 'n vergelyking

P. de Klerk
Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Vaaldriehoekkampus
VANDERBIJLPARK

**Abstract**

**A comparison between Dutch and Afrikaner nationalism**

*The development of Dutch nationalism during the nineteenth century was strongly influenced by events in South Africa and reached its zenith during the Anglo-Boer War of 1899-1902. The beginnings of Afrikaner nationalism are to be found in the late nineteenth and early twentieth centuries and were to a certain extent stimulated by Dutch nationalism. This article compares some features of both nationalisms, aiming especially to find similarities which might have been caused by the influence of one of these manifestations of nationalism on the other. It is concluded, however, that the similarities between these manifestations of nationalism are mainly caused by the characteristics of nationalism as a general phenomenon. In this article the role of Calvinist religion and philosophy in the development of Dutch and Afrikaner nationalism is briefly examined. It seems as if in both the Netherlands and South Africa influential Calvinist intellectuals with strong nationalist views played a role, but that they did not have a major impact on the development of nationalism in either of the two countries. Both Dutch and the Afrikaner nationalists, however, regarded the Calvinist worldview and lifestyle of their forebears as essential features of Dutch and Afrikaner national identities.*

## 1. Inleiding

Die verskynsel van nasionalisme geniet tans heelwat aandag onder Europese historici, insluitende Nederlandse geskiedskrywers, en verskeie werke is in die afgelope paar jaar oor Nederlandse nasionalisme gepubliseer (o.m. Te Velde, 1992; Galema, 1993; Couwenberg, 1994; Kossmann, 1994; Waltmans, 1995). In hierdie studies word ook aandag gegee aan die invloed van die twee Anglo-Boereoorloë op die ontwikkeling van die Nederlandse nasionale bewussyn en dit bring die vraag na vore of daar 'n verband bestaan tussen die ontstaan en ontwikkeling van Nederlandse nasionalisme en van Afrikanernasionalisme.

Die eerste tekens van 'n nasionale bewussyn in Nederland het reeds in die sestiende eeu, tydens die Opstand teen Spanje, ook bekend as die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648), voorgekom (vgl. Kohn, 1961:477-482, Kossmann, 1994:7-27). Tog was dit eers in die negentiende eeu dat die verskynsel van nasionalisme in Nederland, en feitlik oral in Europa, sterk na vore gekom het. In dieselfde eeu het die eerste vroeë vorme van Afrikanernasionalisme ontstaan (vgl. Oberholster, 1975 en Van Jaarsveld, 1957). Die besef van stamverwantskap met die Suid-Afrikaanse Boere het veral na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) in Nederland ontwikkel en gelei tot 'n versterking van die Nederlandse nasionale gevoel. Aan die ander kant het Nederlandse onderwysers en predikante wat hul in Suid-Afrika gevestig het, 'n belangrike rol gespeel om Afrikaners daarvan bewus te maak dat hulle 'n eie taal en kultuur het. Daar was dus 'n invloed van Nederlanders en Afrikaners op mekaar in die ontwikkeling van sowel Nederlandse as Afrikaanse nasionalisme. In hoeverre het hierdie wedersydse beïnvloeding daartoe gelei dat daar bepaalde ooreenkomste tussen die nasionalisme van die Nederlanders en die Afrikaners bestaan?

Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om kortliks die besondere kenmerke van Nederlandse nasionalisme en van Afrikanernasionalisme te bepaal en die vernaamste ooreenkomste en verskille tussen die twee nasionalismes vas te stel. Indien daar ooreenkomste gevind word, kan gepoog word om vas te stel of dit die gevolg van wedersydse beïnvloeding is. Daar sal ook kortliks nagegaan word wat die rol van die Calvinisties-Protestantse godsdiens en lewensbeskouing ten opsigte van sowel die Nederlandse as Afrikanernasionalisme was en watter ooreenkomste daar in hierdie verband bestaan.

Hoewel 'n hele aantal werke oor sowel Nederlandse as Afrikaanse nasionalisme verskyn het (waarna verder in die teks verwys sal word), is nog geen vergelykende studie van die twee nasionalismes gepubliseer nie.[1] Met hierdie artikel, wat hoofsaaklik gebaseer is op navorsing wat reeds deur ander wetenskaplikes verrig is, word slegs enkele belangrike aspekte van die onderwerp aangeraak. Moontlik kan dit die weg baan vir 'n meer omvattende studie.

## 2. Wat is nasionalisme?

Oor die verskynsel van nasionalisme is 'n hele aantal werke geskryf (enkele van die belangrikstes is Kohn, 1961; Kohn, 1965; Kedourie, 1966; Smith, 1971; Gellner, 1983; Kellas, 1991; Breuilly, 1993; Llobera, 1994), en vanuit

1 Schutte (1986) behandel verskeie aspekte van die verhouding tussen Nederlanders en Afrikaners in die loop van die geskiedenis. Hy wy egter slegs enkele bladsye (198-204) aan die invloed van Nederlandse nasionalisme op Afrikanernasionalisme en bespreek dan veral die rol van E.J.P. Jorissen in hierdie verband.

verskillende uitgangspunte word dit verskillend omskryf. In verskeie resente werke word nasionalisme gesien as 'n verskynsel wat hoofsaaklik verband hou met die industrialisasie- en verstedelikingsproses wat sedert die Industriële Omwenteling oor die hele wêreld versprei het (Gellner, 1983; vgl. Smith, 1971:41-42; Giliomee, 1987:116; Kellas, 1991:41-44). As gevolg van hierdie proses het tradisionele samelewings en klein etniese eenhede verbrokkel en het 'n meer omvattende groepsgevoel ontwikkel onder mense wat as gevolg van beter kommunikasiemiddele oor 'n groot gebied met mekaar kon kontak maak en wat hulself in 'n gemeenskaplike ondergeskikte of bedreigde posisie bevind het. Hulle was byvoorbeeld saam aan die gesag van 'n koloniale owerheid onderworpe of is saam deur 'n naburige groep met groter militêre mag en/of 'n sterker kultuur bedreig. Hierdie groepsgevoel hou meesal in die ontdekking van gemeenskaplike kenmerke, veral kulturele kenmerke, wat die fokuspunt vir saamgroepering teen die bedreiging van die vreemde groep en kultuur word. So gesien, is nasionalisme dus 'n emansiepasiestrewe gerig op die verbetering van die politieke, ekonomiese en kulturele posisie wat 'n groep teenoor een of meer ander groepe beklee.

Ander skrywers beklemtoon die intellektuele oorsprong van nasionalisme in die beskouinge van laat agtiende- en vroeg negentiende-eeuse Westerse denkers (bv. Kedourie, 1966; Llobera, 1994, Breuilly, 1993:55-59). 'n Redelik wyd aanvaarde omskrywing van nasionalisme is dié van Kohn (1961:16):

> Nationalism is a state of mind, permeating the large majority of people and claiming to permeate all its members; it recognises the nation-state as the ideal form of political organisation and the nationality as the source of all creative cultural energy and of economic well-being. The supreme loyalty of man is therefore due to his nationality, as his own life is supposedly rooted in and made possible by its welfare.

In hierdie definisie kom die ideologiese element van nasionalisme ook na vore: deur die verwesenliking van die nasionale strewe kan 'n ideale toestand bereik word wat 'n einde sal maak aan bestaande ellendes en probleme en daarom behoort alle aktiwiteite op hierdie doel gerig te word.[2]

---

2 Die gebruik van die term nasionalisme in hierdie artikel sluit aan by die wyse waarop dit tans in die meeste wetenskaplike werke gebruik word. Die moontlikheid word hiermee nie uitgesluit dat die begrip nasionalisme gebruik kan word om net die liefde vir die eie volk of nasie aan te dui sonder dat dit 'n byna allesoorheersende strewe om die belange van die volk of etniese groep in alle opsigte te bevorder, behels nie. N.P. van Wyk Louw (1958:17-30), byvoorbeeld, se opvatting van die begrip nasionalisme wyk in baie opsigte van die aanvaarde gebruik van die term in wetenskaplike kringe af. Onder baie wetenskaplikes met 'n Christelik-Calvinistiese agtergrond word nasionalisme vandag tog, soos onder ander wetenskaplikes, as 'n verskynsel met 'n sterk ideologiese inslag beskou (vgl. byvoorbeeld Van Niekerk, 1984).

Hoewel sommige skrywers klem lê op politieke, ekonomiese en maatskaplike faktore en ander op die kulturele en intellektuele aspekte, word nasionalisme tog deurgaans gesien as 'n verskynsel wat sy ontstaan het in die Westerse samelewing van die agtiende en negentiende eeue en daarna ook na ander wêrelddele versprei het. Daar is wel elemente van nasionalisme in die antieke en vroeg moderne geskiedenis te vinde, byvoorbeeld in die opstande van die Jode teen Griekse oorheersing gedurende die tweede eeu v.C. (Degenaar, s.j.:13), asook in die Nederlandse Opstand teen Spanje en in die Puriteinse Rewolusie in Engeland gedurende die sewentiende eeu (vgl. Kohn, 1961:166-183). Tog het nasionalisme eers vanaf die negentiende eeu 'n wydverspreide verskynsel geword wat tot alle lae van die bevolking deurgedring het.

Nasionalisme kan dus as 'n algemene verskynsel beskou word wat oral ter wêreld voorkom, maar die verskynsel manifesteer hom uiteraard in elke gebied op 'n besondere wyse. Dit sou moontlik wees om verskillende vorme van nasionalisme te onderskei en 'n klassifikasie van hierdie vorme te doen (vgl. byvoorbeeld Snyder, 1976), maar daar bestaan geen algemeen aanvaarde klassifikasiesisteem nie. Aangesien die Nederlanders en die Afrikaners albei Westerse volke is, verskil die nasionalisme wat onder hulle na vore gekom het in baie opsigte van dié wat onder nie-Westerse volke voorkom, soos die swart nasionalisme wat tans 'n sterk rol in Suid-Afrika speel (vgl. Munger, 1967). Vir die doel van hierdie artikel is dit egter nie nodig om op dié verskille in te gaan nie. Verder kan binne die nasionalisme wat onder 'n besondere groep voorkom, verskillende strominge onderskei word. Soos hieronder aangetoon sal word, het mense met verskillende lewensbeskoulike agtergronde in Nederland sowel as in Suid-Afrika gemeenskaplike nasionalistiese strewes gedeel, maar het die lewensbeskoulike verskille tog deurgewerk in die wyse waarop die nasionalistiese strewes verwoord en probeer verwesenlik is.

## 3. Nederlandse nasionalisme

Twee werke deur Vlaamse historici is gepubliseer (De Schepper, 1987; Craeybeckx, 1988), waarin hulle daarop wys dat daar reeds teen 1560 'n bepaalde samehorigheidsgevoel ontstaan het onder die inwoners van al die Nederlandse provinsies (dit wil sê die gebied wat vandag Nederland en België uitmaak) in hul verset teen die bewind van die Spaanse koning Filips II. Aangesien die Protestantisme in hierdie tyd net tot 'n klein minderheid beperk was en die oorgrote meerderheid van die bevolking nog Rooms-Katoliek was, het die Calvinisme nie 'n rol in hierdie eenheidsbesef gespeel nie. Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie besef sterk tot die gewone massa deurgedring het (Kossmann, 1994:20). Later in die eeu, toe daar in die loop van die oorlog 'n skeiding tussen die noordelike en die suidelike Nederlande ontstaan het, het die samehorigheidsbesef reeds begin verdwyn, alhoewel die leier van die versetstryd,

Willem van Oranje, en sy volgelinge gepoog het om die idee van die Nederlande as 'n eenheid waarvan al die inwoners 'n nasie vorm te laat voortleef, ten einde opstand in die hele gebied te bevorder (Kossmann, 1994:21-27).

In die sewentiende eeu het 'n enger samehorigheidsgevoel ontwikkel wat beperk was tot die noordelike Nederlande, of die Nederlandse Republiek, wat sy onafhanklikheid van Spanje verkry het (vgl. Van Sas, 1993:10; Kossmann, 1994:78). Hierdie republiek, waarin die Calvinistiese Protestantisme die amptelike godsdiens was, is gedomineer deur die provinsie Holland, waar die duidelikste tekens van 'n nasionale gevoel, wat dus eintlik meer 'n Hollandse nasionalisme was, voorgekom het (vgl. Kohn, 1961:477-482; Kossmann, 1994:31, 78). Die Nederlandse Republiek het 'n baie gedesentraliseerde staatstelsel gehad en sy inwoners het 'n verskeidenheid tale en dialekte gepraat. Soos in die ander dele van Wes-Europa was dit eers teen die einde van die agtiende eeu dat daar in Nederland 'n meer omvattende nasionaliteitsbesef na vore gekom het. Beter kommunikasiemiddele, onder andere tydskrifte, het hiertoe bygedra (Van Sas, 1993:10; Couwenberg, 1994:47). Die tydperk van Franse oorheersing in die vroeë negentiende eeu het die nasionale besef versterk en dit het veral onder die middelklas sterk na vore begin kom (vgl. Van Sas, 1993:11). Alhoewel 'n groot deel van die Nederlanders nog Protestante was, was die middelklas sterk gesekulariseerd en het die Calvinisme as lewensbeskouing nie 'n belangrike rol in hierdie groep gespeel nie. Die Nederlandse nasionalisme van die negentiende eeu was dus hoofsaaklik die uiting van 'n "liberale burgercultuur" (Couwenberg, 1994:47; vgl. Te Velde, 1992:15), maar in die laat negentiende eeu het daar ook 'n Calvinisties-Protestantse stroming na vore begin kom wat, in die woorde van hul vernaamste leier, Abraham Kuyper (1907:18; vgl. Van Koppen, 1992:211; Kuiper, 1993:48; Van Eijnatten, 1993:261), die Calvinisme as die "grondtoon" of kern van die Nederlandse volksaard gesien het.

In 'n omvattende werk oor die verhouding tussen Nederlandse nasionalisme en die "liberales", naamlik die lede van die Liberale Party wat tot in 1850 die regering gedomineer het en daarna nog 'n invloedryke rol bly speel het, toon H. te Velde (1992) aan dat die sogenaamde liberale groep 'n baie groot aandeel gehad het in die nasionalistiese aktiwiteite in Nederland gedurende die laat negentiende eeu. J.R. Thorbecke (1798-1872), die vernaamste leier van die Liberale Party, is sterk beïnvloed deur die denke van die Duitse Romantiek en, soos wat J.G. Herder, J.G. Fichte en ander filosowe die Duitse volk as 'n organiese eenheid gesien het, het Thorbecke ook die Nederlandse volk as 'n organiese geheel beskou (Te Velde, 1992:22; Couwenberg, 1994:28-35). Soos in Duitsland was daar dus in Nederland 'n noue band tussen nasionalisme en liberalisme. Laasgenoemde stroming het in hierdie tyd veral die strewe na 'n parlementêre stelsel waarin die middelklas die regering beheer, behels. Hoewel daar aan die een kant dus duidelike parallelle tussen Duitse en Nederlandse nasionalisme is,

het die verwesenliking van Duitse nasionalisme, aan die ander kant, gelei tot die totstandkoming, in 1870, van 'n nuwe sterk moondheid wat direk aan Nederland gegrens het. Hierdie nuwe sterk moondheid is deur Nederlandse politieke leiers as 'n bedreiging gesien – 'n bedreiging wat bygedra het tot 'n sterker Nederlandse nasionalisme in die laat negentiende eeu.

Die feit dat Nederland na 1870 byna heeltemal omring is deur groot moondhede (Duitsland, Frankryk en Groot-Brittanje) en ook deur sterker en belangriker kulture as die Nederlandse kultuur, het gelei tot 'n pessimisme onder liberale intellektueles wat gedink het dat die klein Nederlandse volk en kultuur in hierdie situasie moeilik sou kon voortbestaan (vgl. Te Velde, 1992:56-62, 78-79). Teen hierdie agtergrond het die suksesvolle Transvaalse vryheidstryd teen Britse oorheersing gedurende 1880-1881 nuwe hoop gebring en tot groot entoesiasme vir die saak van die Boere gelei. Daar is selfs gedink dat terwyl in Europa die glorietyd van die Nederlandse kultuur reeds verby was, hierdie kultuur in Transvaal tot nuwe bloei sou kon kom (Schutte, 1986:41; Te Velde, 1992:80; Van Koppen, 1992:209). Daar is gedroom van 'n Groot Nederland wat ook die Boererepublieke sou omvat (Schutte, 1986:41; Te Velde, 1992:176). Die Algemeen-Nederlands Verbond (ANV) is in 1895 opgerig deur Vlaminge wat in hul emansiepasiestryd teen die Franstalige elitegroep in België hul verbondenheid aan 'n groter Nederlandse taal- en kultuurgebied wou versterk. Die ANV is egter vanaf 1898 gedomineer deur Nederlanders, hoofsaaklik mense met 'n liberale agtergrond (Te Velde, 1992:225, 252-253; Van Berne, 1995:31-57). Die ANV het dit as sy taak gesien om die drie groepe wat hulle as die drie dele van die Nederlandse stam gesien het, naamlik Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners, sterker aan mekaar te bind.

Die ortodokse Protestante het in die vroeë negentiende eeu nie 'n belangrike rol in die Nederlandse samelewing gespeel nie. Met die godsdienstige herlewing of Reveil in die dertiger- en veertigerjare het enkele belangrike Calvinistiese denkers soos G. Groen van Prinsterer en I. da Costa na vore getree, wat, onder die invloed van die beskouinge van die Romantiek, groot waarde geheg het aan die Nederlandse volk as organiese eenheid. Die slagspreuk "God, Nederland en Oranje", waarin godsdiens, nasionale trots en trou aan die koningshuis met mekaar verbind is, het veral deur toedoen van hierdie twee denkers bekend geword (Van Eijnatten, 1993:150, 260). Hulle het die Nederlanders as in wese 'n Protestants-Calvinistiese volk gesien en hierdie beskouing veral daarop gegrond dat tydens die sewentiende eeu, dit wil sê die Nederlandse Goue Eeu, die Calvinisme 'n dominerende rol in die samelewing gespeel het (Kuiper, 1993:43-51). Dit was veral A. Kuyper wat in die laat negentiende eeu daarvoor gesorg het dat die neo-Calvinistiese rigting 'n groter rol in die openbare lewe begin speel het. Kuyper, wat die naam van "klokkenist der kleine luyden" verwerf het (Schutte, 1986:155), het veral sterk Protestants-gesinde mense uit die laer klasse,

soos winkeliers, boere en arbeiders, om hom versamel. Sy Anti-Revolutionaire Partij was dus 'n emansipasiebeweging vir mense wat 'n relatief swak ekonomiese en sosiale posisie in die Nederlandse samelewing beklee het, en is, soos baie ander emansiepasiebewegings, gedeeltelik deur 'n sterk nasionalistiese strewe gedryf (vgl. Boogman & Tamse, 1978; Schutte, 1986:164). Kuyper was ten minste net so sterk nasionalisties gesind as die politieke leiers van die liberale rigting, en in sy beskouing, wat eweneens deur die Duitse Romantiek beïnvloed is, het die volk 'n sentrale rol gespeel (Botha, 1982:23, 46; Van Koppen, 1992:230-231; Couwenberg, 1994:48; Van der Walt, 1995:243-247). Ook hy het die Boere gesien as lede van die Nederlandse stam, meer nog, as Nederlanders wat in die vreemde hul oorspronklike Calvinistiese volkskarakter suiwer bewaar het. Op grond van die siening het hy 'n sterk yweraar vir die Boere se belange geword (Kuitenbrouwer, 1991:192; Van Koppen, 1992:135, 143; Couwenberg, 1994:48).

Schutte (1988) wys tereg daarop dat die Calvinistiese karakter van die sewentiende-eeuse Nederlandse samelewing oorbeklemtoon en ook in baie opsigte eensydig voorgestel is, nie net deur Kuyper en ander Calvinistiese skrywers nie, maar ook deur liberale negentiende-eeuse historici soos Robert Fruin. Hierdie historici het dit beklemtoon dat die sewentiende-eeuse Calviniste geglo het aan individuele verantwoordelikheid en 'n sterk vryheidsin gehad het, en het daarmee die sewentiende-eeuse Calvinisme as 'n soort voorfase van die liberalisme voorgestel (Schutte, 1988:8). Die Nederlandse nasionalisme van die negentiende eeu het dus daartoe gelei dat na die sewentiende-eeuse Nederlandse Calvinisme teruggegryp is om die wesenlike kenmerke van die Nederlandse volkskarakter te probeer vind.

Die Nederlandse nasionalisme van die negentiende eeu, soos bevorder deur sowel die liberale as die Calvinistiese strominge, het tot uiting gekom in 'n sterker belangstelling in die Nederlandse geskiedenis, die oprigting van historiese gedenktekens en museums, die instelling van Koninginnedag as feesdag en die bevordering van volksonderwys en volksang (Te Velde, 1992; Couwenberg, 1994:47). Waar die Duitse en Italiaanse nasionalisme, byvoorbeeld, gedurende die negentiende eeu uitgeloop het op opstande en rewolusies, het die Nederlandse nasionalisme steeds 'n meer gematigde, vreedsame karakter gehad. Bewegings in Nederland wat hul vir internasionale vrede beywer het, het ook in die laat negentiende eeu na vore gekom (Te Velde, 1992:175; Couwenberg, 1994:49) en is deur die Eerste Wêreldoorlog, waartydens Nederland neutraal gebly het, versterk. Die bevordering van vrede was immers die beste weg om die voortgesette onafhanklikheid van Nederland te verseker. Nederlandse nasionalisme het tog ook tot uiting gekom in 'n drang na politieke, ekonomiese en kulturele ekspansie. Die laat negentiende eeu was die era van Westerse imperialisme, wat ten dele 'n besondere uitingsvorm was van Westerse nasionalisme (Gollwitzer,

1969:41-60). Nederland het nie, soos Groot-Brittanje, Frankryk, Duitsland en Rusland, groot gebiede in Asië en Afrika gekoloniseer nie, maar wel sy beheer oor al die eilande van Nederlands-Indië (Indonesië) gekonsolideer (Kuitenbrouwer, 1991; Couwenberg, 1994:47). Dit het ook, soos reeds genoem is, gelei tot die strewe na die uitbreiding van Nederlandse invloed in Suid-Afrika. Deur die Anglo-Boereoorlog is hierdie strewe bedreig, en die oorlog is ook deur Nederlanders beleef as 'n aanval op stamverwante, op Nederlanders in die vreemde. Tydens die oorlog is onder meer geld ingesamel om die Boere te steun, feeste is gevier oor Boereoorwinnings en anti-Britse protesoptogte is gehou. Die Anglo-Boereoorlog het gelei tot 'n oplewing van nasionalisme onder alle lae van die bevolking. Hierdie versterking en uitbreiding van nasionalisme onder die hele bevolking is bevorder deur die hoë mate van industrialisasie en verstedeliking wat Nederland teen die einde van die eeu beleef het (Van Sas, 1993:13-14). Teen 1900 het die Nederlandse nasionalisme sy hoogtepunt bereik (Te Velde, 1992:163-181; Van Sas, 1993: 3).

Na 1900 het die Nederlandse nasionale bewussyn begin verflou, maar geensins verdwyn nie. Alhoewel die Nederlandse nasionalisme in sekere opsigte meer eksklusief en na binne gerig geraak het (vgl. De Graaff, 1993:299-304), het die Algemeen-Nederlands Verbond met sy Groot-Nederlandse strewe juis in die eerste twee dekades van die eeu 'n bloeityd beleef (Van Berne, 1995:44-64). Na die neerlaag van die Boererepublieke in die Anglo-Boereoorlog het die ideaal van 'n Groot Nederland as politieke eenheid op die agtergrond geraak, maar het die strewe om alle lede van die Nederlandse stam oor die wêreld te verenig en hul taal en kultuur te bevorder nog bly voortbestaan. Die Eerste Wêreldoorlog het tot tweespalt binne die ANV gelei. Nederland het in die oorlog neutraal gebly, maar België is deur Duitsland verower. Terwyl die meer gematigde lede ten alle koste Nederland se neutraliteit wou bewaar, was die radikales ten gunste van hulp aan die Vlaminge (Van Berne, 1995: 68-71). Die saak is egter gekompliseer deurdat sommige Vlaminge in die Duitse besetting 'n moontlikheid gesien het om hul los te maak van oorheersing deur die Franstaliges. Hierin het hulle net die steun van 'n klein groepie in Nederland verkry, en dit het daartoe gelei dat die gematigdes in die ANV die oorhand behou het en 'n versigtige beleid gevolg is (Te Velde, 1992:248-253; Van Berne, 1995:65-72). Tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe Nederland en België albei deur Duitsland beset is, het sommige ANV-lede gemeen dat die Groot-Nederlandse ideaal met Duitse steun bereik kon word, hoewel hulle nie aktief met die Duitse oorheersers saamgewerk het nie (Van Hees, 1995:121-126).

Vir die meeste Nederlanders het die vyf jaar van Duitse oorheersing tydens die Tweede Wêreldoorlog juis 'n oplewing van nasionalisme wat anti-Duits gerig was, gebring. Dié oplewing was egter kortstondig. Die verlies van die vernaamste Nederlandse kolonies kort na die oorlog was 'n traumatiese ervaring

wat gelei het tot 'n verswakking van Nederlandse selfvertroue (vgl. Von der Dunk, 1990:131; Schutte, 1993:49-50). Die Nederlanders het hulself al meer begin sien as deel van Wes-Europa, en die gemeenskaplike bedreiging van die Wes-Europese lande deur die Sowjet-Unie het 'n Europese gevoel bevorder (vgl. Kossmann, 1994:104-105; Couwenberg, 1995:5). Die Nederlanders het steeds 'n aktiewe rol gespeel in die ekonomiese en politieke integrasie van Wes-Europa. Eers vanaf die laat tagtigerjare, ná die verswakking en induiestorting van die Sowjet-Unie, het die Nederlanders weer daarvan bewus geword dat hul taal en kultuur deur die groter en sterker tale van die Britte, die Duitsers en die Franse bedreig word. Ontwikkelinge in België, waar die Vlaminge en die Wale albei outonome state begin vorm het, het ook die idee van 'n Nederlandse kultuur en van 'n Nederlandse etniese eenheid wat nie net die inwoners van Nederland omvat nie, weer sterker op die voorgrond gebring (vgl. Couwenberg, 1995:5-6; Waltmans, 1995:23-25).

## 4. Afrikanernasionalisme

Die historikus J.J. Oberholster vind die eerste tekens van Afrikanernasionalisme reeds in die agtiende eeu, tydens die Patriottebeweging aan die Kaap (Oberholster, 1975). Die Kaapse koloniste, onder invloed van die gelyknamige beweging in Nederland gedurende dieselfde tydperk, het hul verset teen magsmisbruike van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie wat die Kaapkolonie tot 1795 bestuur het. Dit was egter 'n baie beperkte groepsbewussyn wat in daardie periode tot uiting gekom het en daar kan moeilik 'n direkte verband gelê word met die eintlike ontstaan van Afrikaanse nasionalisme byna 'n honderd jaar later. F.A. van Jaarsveld (1957:18-27) meen dat die Groot Trek die grondslag gelê het vir die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn omdat dit gelei het tot die verspreiding van die Afrikaners (al sou hulle hulself eers later so noem) oor die hele Suid-Afrika. Onder Oos-Kaapse boere wat aan die Trek deelgeneem het en die twee Boererepublieke gevorm het, was daar egter maar 'n vae besef van samehorigheid aanwesig (Van Jaarsveld, 1957:39-49). Van Jaarsveld dui aan, soos tans oor die algemeen aanvaar word, dat Afrikaanse nasionalisme eers in die periode 1868-1881 werklik tot ontwikkeling gekom het. Die Britse anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorlog van 1880-1881, wat daarop gevolg het, het gelei tot 'n nasionale bewuswording waarin die Afrikaners van die Kaapkolonie en die twee Boererepublieke hulself vir die eerste keer gesien het as behorende tot dieselfde groter eenheid, die Afrikanervolk (Van Jaarsveld, 1957:53-170).

H. Giliomee (1987) sien die hele tydperk 1870-1915 as die ontstaansperiode van Afrikanernasionalisme en lê klem op die rol van ekonomiese en maatskaplike faktore, naamlik die ontstaan van dorpe, beter kommunikasiemiddele en uiteindelik ook industrialisasie en verstedeliking. In die Wes-Kaap het ekonomiese ontwikkeling daartoe gelei dat, toe die kolonie vanaf 1872 verant-

woordelike bestuur gekry het, die koloniste in die Kaapse parlement beheer oor die aansienlike belastinginkomste verkry het. Die Afrikanerboere van die Wes-Kaap was toe in 'n ekonomies swak posisie en kon deur J.H. Hofmeyr en andere in 'n politieke beweging, eers bekend as die Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermings Vereniging, en later omvorm tot die Afrikanerbond, gemobiliseer word om 'n aandeel in die kolonie se inkomste te verkry en hul ekonomiese posisie te verbeter (Giliomee, 1987: 129-130). Die ontwikkeling van die goudmyne aan die Witwatersrand het daartoe gelei dat heelwat kapitaal beskikbaar geword het om te bestee aan die aankoop van grond en aan beter landboumetodes – 'n proses wat die posisie van baie Afrikanerboere verswak het. Waar die Suid-Afrikaanse Party van genls. L. Botha en J.C. Smuts se aanhangers geleidelik beperk is tot welgestelde Afrikaners en Engelssprekendes, het die Nasionale Party, wat in 1914 deur genl. J.B.M. Hertzog gestig is, sy steun van armer boere en die steeds groter wordende groep arm verstedelikte Afrikaners verkry. Dit is onder hierdie groep dat 'n meer militante Afrikanernasionalisme ontwikkel het (Giliomee, 1987:133).

Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging wat begin het met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 deur S.J. du Toit en andere, is tradisoneel as 'n belangrike baken in die ontwikkeling van die Afrikanernasionalisme beskou, en hierdie siening word deur sommige historici gedeel (bv. Van Jaarsveld, 1957:89; Oberholster, 1983:35), maar ander resente skrywers meen dat, aangesien die Eerste Taalbeweging eintlik voor die einde van die eeu doodgeloop het, dit nie 'n belangrike invloed op die verdere ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gehad het nie (Hexham, 1981:128; Giliomee, 1987:122). Die Tweede Taalbeweging, daarenteen, hou onteenseglik direk verband met die ontwikkeling van nasionalisme. Die bevordering van Afrikaans teenoor Nederlands deur hierdie beweging word deur Hofmeyr (1987) en Giliomee (1987:139) gesien as 'n middel wat Afrikanerleiers aangewend het om 'n nasionale strewe te bevorder. Afrikanerintellektuele het in hierdie tyd Afrikaans as taal van die Afrikaners gesien en uit die oog verloor dat dit ook die taal van 'n groot aantal bruin mense was (vgl. Zietsman, 1991:197). Hierdie gekleurde bevolking is egter nooit deur die Afrikaners as deel van die Afrikanervolk beskou nie, en ook by die kleurlinge self was die nasionale gevoel wat onder die Afrikaners ontwikkel het, geensins aanwesig nie. Na die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1924 is heelwat gedoen om die lot van arm verstedelikte Afrikaners te verlig. Werk is aan hulle verskaf in staatskorporasies. Ook is organisasies soos die Afrikaner-Broederbond en die Reddingsdaadbond opgerig, waarin Afrikaners gepoog het om hul volksgenote kultureel en ekonomies op te hef (Moodie, 1975:96-115, 201-207, Grundlingh, 1993:269-272). Tog het die meeste Afrikaners tot voor die sestigerjare geensins in weelde geleef nie.

Die strewe na 'n Afrikanerrepubliek of volkstaat was 'n dominerende motief in die Afrikaanse nasionale strewe. Die Rebellie van 1914 was 'n mislukte poging om die ou Boererepublieke te herstel, maar by sommige leiers van die rebellie was tog ook die gedagte aanwesig dat die hele Suid-Afrika 'n Boerepubliek moet word (Scholtz, 1979b:235-236). Terwyl genl. Hertzog gemeen het dat Suid-Afrika met die Statuut van Westminster (1931) reeds volledig onafhanklik geword het, sou baie Afrikanernasionaliste net tevrede wees met 'n republiek wat volledig deur Afrikaners gedomineer word. Dit het 'n deel geword van die strewe van die "gesuiwerde" Nasionale Party van dr. D.F. Malan, wat in 1934 tot stand gekom het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hierdie strewe egter in besonder beliggaam deur die Ossewa-Brandwag, 'n organisasie wat enkele jare lank 'n baie groot aanhang onder die Afrikaners gehad het en wat geglo het dat Duitsland die oorlog sou wen, waarna 'n nuwe wêreldorde tot stand sou kom. In hierdie orde sou daar plek wees vir 'n Boererepubliek wat as 'n byna utopiese heilstaat voorgestel is, naamlik as 'n "organiese gesagstaat" waarin die owerheid streef na volksgeluk en volkswelvaart (De Klerk, 1989b:110-111). Hierdie siening is gebaseer op beskouinge wat reeds in die laat dertigerjare by Afrikanerdenkers soos N. Diederichs en P.J. Meyer voorgekom het (vgl. De Klerk, 1989a). Tydens die oorlogsjare het ondersteuners van die Ossewa-Brandwag hul aktief teen die regering begin verset – 'n beweging wat uitgeloop het op dade van sabotasie, hoewel nie op 'n volskaalse gewapende opstand soos tydens die Rebellie nie. Die Duitse neerlaag het 'n einde gemaak aan die Fascistiese stroming binne die Afrikanernasionalisme. Die Nasionale Party, wat in 1948 (vir die tweede keer) aan bewind gekom het, het 'n republiek voorgestaan wat op die beginsels van die parlementêre demokrasie gegrond is, en dié strewe is in 1961 verwesenlik.[3] Die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 het daartoe gelei dat die Afrikaanse nasionale strewe feitlik in alle opsigte verwesenlik kon

---

3 Die invloed van die Nasionaal-Sosialisme en Fascisme op die Afrikaanse nasionale strewe in die dertiger- en veertigerjare word onder meer behandel deur Moodie (1975:170-233), De Klerk (1989a en 1989b) en Furlong (1991). Furlong, gesteun deur Schellack (1992), toon aan dat Nasionaal-Sosialistiese idees in die oorlogsjare deurgewerk het in die Nasionale Party en lei op grond daarvan af dat hierdie idees 'n belangrike invloed op die party se optrede ná 1948 en ook op die apartheidsbeleid gehad het. Hy doen egter geen analise van die partybeleid of van leiersuitsprake na 1948 nie en neem nie genoeg in ag dat alle Afrikaners in die dertiger- en vroeë veertigerjare sterk deur hierdie denkbeelde beïnvloed is nie, maar dat dit deel was van 'n bepaalde tydsgees en dat in nuwe omstandighede die denke weer gewysig is nie. Dat die apartheidsbeleid 'n ideologie geword het wat sekere ooreenkomste met die Fascisme toon, beteken nog nie dat dit direk deur die Italiaanse Fascisme en Duitse Nasionaal-Sosialisme beïnvloed is nie. Vergelyk De Klerk (1989a), waar aangedui word dat denkers van die Calvinistiese rigting, soos H.G. Stoker en L.J. du Plessis, deur hierdie beskouinge beïnvloed is, maar dat dit net 'n fase in hul denke was. Vergelyk ook Moll (1985:114-166), wat 'n aantal wesenlike verskille tussen die Fascisme as denkrigting en die beleid van die Suid-Afrikaanse regering na 1948 na vore bring.

word. Dit het die ekonomiese opheffing van arm Afrikaners moontlik gemaak, veral deurdat hulle in groot getalle in die staatsdiens en semi-staatsinstellings opgeneem is. In die sestigerjare het Suid-Afrika 'n periode van groot voorspoed beleef, waarin die Afrikaners ten volle kon deel (Scher, 1993:414-415). Afrikaners het nie net polities nie, maar ook ekonomies en sosiaal 'n elitegroep geword. 'n Groot deel van die Afrikaners het nou nie net hoërskoolopleiding nie, maar ook universiteitsopleiding geniet, en die Afrikaanse kultuur en letterkunde het 'n bloeityd beleef.

Die sestigerjare kan gesien word as die kulminasie van die Afrikaanse nasionale strewe en ook as die begin van die verflouing van nasionalisme. Die Nasionale Party was vanaf die sewentigerjare nie meer die voertuig van Afrikanernasionalisme nie en het al meer ondersteuning van Engelssprekendes gekry, terwyl meer ekstremistiese Afrikaners wat verskil het van die Nasionale Party se rassebeleid hul eie partye gevorm het. Terwyl die verwesenliking van die Afrikaanse nasionale strewe net moontlik gemaak is deur die apartheidstelsel, waardeur die gekleurde bevolking polities en ekonomies in 'n ondergeskikte posisie gehou is, het die steeds groter wordende probleme om hierdie stelsel in stand te hou, asook latere veranderinge aan die stelsel en die uiteindelike beëindiging daarvan, gelei tot politieke verdeeldheid onder die Afrikaners (Liebenberg, 1993:472-533). Die einde van die apartheidsera het egter ook die einde van Afrikanerdominasie beteken. As minderheidsgroep wat al meer van sy vroeëre voorregte ontneem word, is die Afrikaner tans in sommige opsigte in 'n soortgelyke posisie as in die tydperk van Britse oorheersing en is die omstandighede gunstig vir die oplewing van 'n nuwe Afrikanernasionalisme. Daar is tekens dat by hierdie nasionalisme, anders as vroeër, ook Afrikaanssprekende bruin mense ingesluit sal word, aangesien hul in 'n soortgelyke posisie as die blanke Afrikaners verkeer en meer bewus geword het van hul Afrikaanse kultuuridentiteit.

Watter rol het die Calvinisme in Afrikanernasionalisme gespeel? 'n Veel groter persentasie van die Afrikaners as van die Nederlanders was, in sowel die negentiende as die twintigste eeue, diep godsdienstige mense en lidmate van Protestantse kerke van die Calvinistiese rigting. Nasionalistiese leiers het dan ook steeds gepoog om Afrikanernasionalisme en die Afrikaners se geloofsoortuigings aan mekaar te koppel. Organisasies soos die Afrikaner-Broederbond het hul grondslag steeds as Christelik-nasionaal aangedui (vgl. Moodie, 1975:96-115; O'Meara, 1983:67-77). Die Afrikaners het egter nie 'n figuur soos Kuyper opgelewer wat tegelykertyd Calvinistiese denker en politieke leier was nie. Hoewel S.J. du Toit gepoog het om die denkbeelde van Kuyper in die beginselprogram van die Afrikanerbond op te neem en W. Postma later dieselfde ten opsigte van die Nasionale Party se program probeer doen het (Davenport, 1966:3-29, 51-52; Scholtz, 1977:275; Scholtz, 1979b:134; Botha, 1982:25-30;

Schutte, 1986:188), het geen Afrikaanse politieke party gepoog om, soos Kuyper se Anti-Rewolusionêre Party, sy beleid deurgaans op Christelike beginsels te baseer nie.[4] Politieke leiers soos J.B.M. Hertzog en D.F. Malan se politieke denke toon weinig invloed van Calvinistiese beskouings en het eerder ooreenkomste met die liberale nasionalisme wat in die negentiende eeu in Nederland en ander Europese lande voorgekom het (vgl. Moodie, 1975:48, 85, 220, 282; Thom, 1980:7-40; Thom, 1988:5-20). Hoewel die term "Christelik-nasionaal" dikwels gebruik is om die grondslag van Afrikaanse politieke en kulturele organisasies aan te dui, het dit hoofsaaklik 'n geykte uitdrukking gebly, wat deur baie Afrikaners verstaan is as 'n koppeling tussen twee verskillende terreine, die Christelike (of godsdienstige) en die nasionale (Van der Walt, 1976; Botha, 1982:3, 43). Pogings om die Calvinistiese denke op alle samelewings-terreine te laat deurwerk en 'n besondere Calvinistiese kleur aan Afrikaner-nasionalisme te gee, het veral uitgegaan van intellektuele leiers aan die Potchefstroomse Universiteitskollege, soos L.J. du Plessis en H.G. Stoker, maar hul invloed het maar baie beperk gebly (vgl. Moodie, 1975:52-72; Potgieter, 1976; Du Toit, 1985:230, 234; Schutte, 1986:188-194; Schutte, 1987:400-402; De Klerk, 1989a).[5] Die beskouing dat die Calvinisme net betrekking het op die godsdiens, het onder baie leiers sowel as onder gewone Afrikaners voorgekom, en hierbenewens was daar onder die leiers 'n strewe om volkseenheid ten alle koste te bewaar ten spyte van godsdienstige en lewensbeskoulike verskille. Verskillende denkrigtings het 'n invloed op Afrikanernasionalisme uitgeoefen, waarvan die Calvinistiese een was, maar dit het geensins 'n dominerende rol gespeel nie (vgl. Degenaar, s.j.:38, 49; Botha, 1982:43, 48; Du Toit, 1985:233-234; Smit, 1989).[6]

4 Dit blyk byvoorbeeld uit 'n vergelyking van die Anti-Revolutionaire Party se program, soos behandel in Kuyper (1907) en Colijn (1940) en die beginselprogram van die Nasionale Party soos weergegee in Krüger (1960).

5 Hexham (1981) toon aan dat die Potchefstroomse Calviniste in die jare voor 1920 sterk nasionalisties gesind was, maar aangesien hy hoofsaaklik net hul aktiwiteite behandel sonder om hul rol teen die breër agtergrond van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme te bekyk, oorskat hy hul invloed. Vergelyk ook die kritiek van Du Toit (1985:230) en Schutte (1986:185-194).

6 Templin (1984) soek die teologiese grondslae van Afrikanernasionalisme in die Calvinistiese en veral Ou-Testamentiese beskouinge van die Voortrekkers en hul nakomelinge in die Boere-republieke. Hy behandel egter nie die aard en oorsake van Afrikanernasionalisme as geheel nie en deur geen aandag aan die breë konteks te gee nie, bewys hy nie sy hipotese dat hierdie beskouinge wel 'n kardinale rol gespeel het in Arikanernasionalisme en in optredes wat deur hierdie nasionalisme bepaal is nie. Akenson (1992) sluit by Moodie (1975), Hexham (1981) en Templin (1984) aan en in sy vergelykende studie, waarvan slegs kort gedeeltes oor Afrikanernasionalisme handel, word die Afrikaner se beskouing dat hy 'n uitverkore volk is wat

Soos in Nederland gebeur het ten opsigte van die sewentiende-eeuse Calvinisme, het Afrikanernasionaliste die Calvinistiese aard van die agtiende- en negentiende-eeuse Boere beklemtoon en daarin wesenstrekke van die Afrikaanse volkaard gesien. Du Toit (1983, 1984, 1985) toon aan dat die invloed van die Calvinisme op die lewenstyl van die Afrikaners deur Afrikaanse skrywers soos F.A. van Jaarsveld (1962) en W.A. de Klerk (1975), maar ook in buitelandse werke soos die veelgelese roman van James Michener (1980) oorskat en eensydig voorgestel word.[7] Soos Van Jaarsveld self ook aangetoon het (1958), kom die tendens om die Voortrekkers as in alle opsigte stoere Calviniste voor te stel al by vroeë Afrikaanse historici voor. Afrikaanse politieke leiers en organisasies wat self nie sterk Calvinistiese beskouinge gehad het nie, het graag na die Calvinistiese volkaard van die Afrikaners verwys (vgl. bv. Thom, 1980:39 en De Klerk, 1989b).

## 5. Ooreenkomste en verskille tussen die Nederlandse en Afrikanernasionalisme

Dit blyk dat Nederlandse en Afrikanernasionalisme in allerlei opsigte ooreenkomste toon. Albei het byvoorbeeld ontstaan en is verder bevorder deur die werklikheid of moontlikheid van vreemde oorheersing en deur die bedreiging van sterker kulture. In albei gevalle het industrialisasie en verstedeliking die ontwikkeling van 'n nasionalisme onder alle lae van die bevolking moontlik gemaak. By albei was daar 'n strewe om die eie kultuur uit te bou en om almal wat as lede van die volk beskou is in dieselfde staat te betrek. Hierdie aspekte kan egter, soos hierbo aangedui is, as algemene kenmerke van nasionalisme beskou word en is dus nie ooreenkomste wat spesifiek vir hierdie twee gevalle geld nie.

In albei gevalle het politieke leiers wat nasionalistiese ideale probeer verwesenlik het, hoofsaaklik aangesluit by Westerse politieke tradisies en 'n parlementêre staatsvorm voorgestaan. Naas die invloed van die liberale politieke denke was daar in albei lande ook ander denkrigtings wat deurgewerk het in die besondere vorm wat nasionalisme daar aangeneem het. In albei lande het die Christelik-Calvinistiese denke 'n belangrike rol gespeel, maar geen dominerende invloed uitgeoefen het nie. Die Calvinistiese beskouinge van voorouers in die voornasionalistiese periode is in albei lande deur sowel Calvinistiese as nie-

'n besondere verbond met God het, eensydig beklemtoon en word gepoog om die apartheidsbeleid aan die hand van hierdie beskouinge te verklaar

7 Templin (1984) en Akenson (1992) verskil van Du Toit en meen dat die Voortrekkers se opvattinge tog sterk deur die Bybel en veral die Ou Testament beïnvloed is. Vergelyk die kritiek van Coetzee (1995) op hul gevolgtrekkings en navorsingsmetodologie

Calvinistiese intellektuele gebruik en eensydig voorgestel as wesenlike volkskenmerke. Hierdie tendens kan eweneens herlei word na 'n algemene eienskap van nasionalisme, naamlik die strewe om in die vroeë geskiedenis van die groep onder wie daar 'n gemeenskaplike nasionale gevoel voorkom, besondere kenmerke te vind wat as tipies van die volksaard beskou kan word en wat gebruik kan word om die groepsbewussyn te versterk.

'n Meer spesifieke ooreenkoms is dat daar in albei lande tydens die twee wêreldoorloë mense was wat gemeen het dat die oorlogsomstandighede benut moes word om nasionale strewes te verwesenlik. Ook het albei groepe Duitsland gesien as 'n bondgenoot of in elk geval as 'n buitelandse mag van wie se hulp gebruik gemaak kon word. In albei gevalle het hierdie groepe nie algemene volksteun geniet nie. Onder die Afrikaners was daar tydens die Tweede Wêreldoorlog vir hierdie beskouinge egter veel wyer steun as onder die Nederlanders.

Die verskille is meer opvallend. Die wortels van Nederlandse nasionalisme strek heelwat verder terug as dié van Afrikanernasionalisme. Nederlandse nasionalisme het sy hoogtepunt ook reeds teen die einde van die negentiende eeu bereik en Afrikanernasionalisme eers in die jare na 1930. Verder was Nederland in die periode waartydens 'n eie nasionalisme sterk na vore gekom het steeds 'n onafhanklike staat waar Nederlanders hulself geregeer het, behalwe vir die kort tydperk van Duitse oorheersing tydens die Tweede Wêreldoorlog, wat eers lank na die hoogtepunt van nasionalisme plaasgevind het. Die Afrikaners het na 1910 wel 'n belangrike aandeel gehad aan die landsregering, maar het eers na 1948 byna eksklusiewe staatsbeheer verkry. Hiermee hang saam dat Afrikanernasionalisme meer militante vorme aangeneem het as Nederlandse nasionalisme, soos veral na vore gekom het in die verset van die Ossewa-Brandwag tydens die Tweede Wêreldoorlog, terwyl Nederlandse nasionalisme oor die algemeen 'n baie vreedsame karakter gehad het.

Nog 'n belangrike verskil is dat Nederlandse nasionalisme 'n strewe ingehou het om alle Nederlandssprekendes, ook dié wat buite Nederland gewoon het, te verenig. Slegs klein groepe Nederlanders en Vlaminge was werklik ten gunste van 'n groter Nederlandse staat wat ook die Vlaamse gedeelte van België sou insluit. Daar is hoofsaaklik gestreef na groter eenheid op taal- en kultuurgebied. Ook die Afrikaners is beskou as deel van die Nederlandse stam waarmee nouer bande nodig was. Sommige mense wou selfs hierdie stam binne 'n groter politieke eenheid van Nederlandssprekendes betrek. Tydens die vroeë negentiende-eeuse fase van Afrikanernasionalisme was daar ook 'n strewe om alle Afrikaners in een staat te verenig (vgl. Scholtz, 1977:252-265), maar in die jare dat Afrikanernasionalisme sterk na vore gekom het, het feitlik alle Afrikaners reeds binne dieselfde staat gewoon. Die strewe na die stigting van 'n aparte

volkstaat in 'n deel van Suid-Afrika het eers na vore gekom toe oorheersing deur die swart meerderheid al byna 'n werklikheid geword het en geniet tot op hede net die steun van 'n minderheidsgroep onder die Afrikaners. Hoewel die Afrikaners hul altyd in 'n sekere mate verbonde gevoel het met Europa en ook met Nederland as vernaamste stamland, was daar onder hulle nooit 'n sterk strewe om nouer aan te sluit by 'n groter Nederlandse kultuurgebied nie en beslis nie om polities met Nederland verenig te word nie (vgl. De Graaff, 1993:154).

## 6. Wedersydse beïnvloeding

Die feit dat daar nie opvallende ooreenkomste tussen Nederlandse en Afrikanernasionalisme te vinde is nie, toon dat invloed van die een nasionalisme op die ander nie 'n kardinale faktor was in die ontwikkeling van Nederlandse of Afrikanernasionalisme nie. Waar daar ooreenkomste voorkom wat nie tot die algemene aard van nasionalisme herlei kan word nie, soos die parallelle ten opsigte van nasionalistiese optredes tydens die twee wêreldoorloë, is dit duidelik die gevolg van die enerse omstandighede wat deur die wêreldoorloë in die twee lande teweeggebring is.

Omdat Nederlandse nasionalisme reeds in die negentiende eeu sterk na vore gekom het en Afrikanernasionalisme eers in die twintigste eeu, kan daar weinig sprake wees van invloed van Afrikanernasionalisme op Nederlandse nasionalisme. Die Transvaalse Vryheidsoorlog en die (Tweede) Anglo-Boereoorlog het wel 'n groot rol in die ontwikkeling van die Nederlandse nasionalisme gespeel, maar hierdie oorloë kan nie werklik as uitinge van Afrikanernasionalisme beskou word nie. Albei oorloë is gevoer om die onafhanklikheid van die Boererepublieke, waarin net 'n deel van die Afrikaners gewoon het, te probeer bewaar. Afrikanernasionalisme het reeds voor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 ontstaan en dit het daartoe bygedra dat baie Afrikaners in die Kaapkolonie hul by die Boeremagte aangesluit het, maar eintlik het Afrikanernasionalisme eers as gevolg van die oorlog sterk na vore gekom. In die twintigste eeu kon Afrikanernasionalisme hoogstens 'n baie beperkte invloed op Nederlandse nasionale strewes gehad het, aangesien daar nie baie noue kontak tussen Nederlandse en Afrikanernasionaliste was nie, en die Afrikaners nie groot belangstelling in die idee van die Nederlandse stam getoon het nie. Die Algemeen-Nederlands Verbond het in die eerste twee dekades na die Anglo-Boereoorlog takke in Suid-Afrika gestig, maar baie min Afrikaners het daarby ingeskakel, en die meeste takke het binne enkele jare doodgeloop. Die ANV het in Suid-Afrika hoofsaaklik 'n organisasie gebly waaraan Nederlandse immigrante behoort het (Van Berne, 1995:104). Gedurende die dertigerjare was daar wel kontak tussen die Dietsche Studenten-Verbond en die Afrikaans-Nasionale Studentebond, wat albei sterk nasionalisties gesind was, en groepe Afrikaanse en Nederlandse studente het reise na mekaar se lande onderneem (Meyer, 1935;

Broekman, 1936). In die vyftigerjare is daar weer kontak tussen Afrikaanse en Nederlandse studente-organisasies gemaak, maar teen daardie tyd het nasionalisme reeds nie meer 'n belangrike rol in Nederland gespeel nie.

Afrikanernasionalisme het dus maar weinig invloed op Nederlandse nasionalisme uitgeoefen, maar in die omgekeerde geval is daar aanduidings van meer betekenisvolle beïnvloeding. In die laat negentiende en vroeë twintigste eeue was daar verskeie Nederlandse onderwysers, predikante en joernaliste wat na Suid-Afrika geëmigreer het en daar 'n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die Afrikaanse taal en kultuur. Hierdie persone het opgegroei in die jare toe Nederlandse nasionalisme sterk was en baie mense het juis as gevolg van die groot belangstelling wat daar onder Nederlandse nasionaliste in die Boere en hul lotgevalle was na Suid-Afrika gekom. Daar kan aangeneem word dat hul die volkstrots en die sterk gevoel vir die eie taal en kultuur, wat in Nederland by hul ingeprent is, in Suid-Afrika op die Afrikaanse volk, kultuur en taal sou oordra. Schutte (1986:201-204; 1987:407-411) toon aan dat Nederlandse immigrante soos J.H. Hofstede, F. Lion-Cachet, J.W.G. van Oordt en E.J.P. Jorissen reeds in die negentiende eeu werke geskryf het wat gehelp het om 'n nasionalistiese geskiedbeeld by die Afrikaner te vorm (vgl. ook Van Jaarsveld, 1958:63-118). Twee Nederlandse onderwysers, A. Pannevis en C.P. Hoogenhout, het 'n leidende aandeel aan die Eerste Afrikaanse Taalbeweging gehad (vgl. Dekker, 1966:12-22; Kannemeyer, 1978:48-51). Tydens die Tweede Taalbeweging was Nederlandse immigrante minder prominent, hoewel 'n skrywer soos Jochem van Bruggen, wat in Nederland gebore was, 'n belangrike bydrae tot die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde gelewer het (Dekker, 1966:50, 143; Kannemeyer, 1978:181-198). Daar het in die laaste twee dekades van die negentiende eeu ongeveer 300 Nederlandse onderwysers na Suid-Afrika geëmigreer (Schutte, 1986:106-107; vgl. Ploeger, 1952; Ploeger, 1995). Verskeie van hierdie onderwysers, onder andere J. Kamp, wat 'n professor aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom geword het, het 'n groot invloed gehad op die ontstaan van die CNO-skole (onafhanklike skole vir Christelike Nasionale Onderwys) in die eerste jare na die Anglo-Boereoorlog. Hierdie skole, wat finansiële steun uit Nederland ontvang het, het 'n belangrike rol gespeel om die verengelsingsbeleid van lord Milner teen te werk en die Afrikaanse kultuur uit te bou (Hexham, 1981:147-164; Zietsman, 1992:111-115, 148-157). Verder moet in gedagte gehou word dat politieke en kulturele leiers soos J.B.M. Hertzog, D.F. Malan, J.D. du Toit en J.F.E. Celliers 'n tyd lank in Nederland gestudeer het en daar in aanraking gekom het met die nasionalistiese klimaat wat destyds in Nederland geheers het (vgl. Scholtz, 1979a:414-416; Scholtz, 1979b:65-67; Scholtz, 1979c:59-63).

Dit is moeilik om te bepaal hoe groot die invloed van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika en van die verblyf van Afrikanerleiers in Nederland was. Dit lei geen

twyfel nie dat hierdie invloed daartoe bygedra het om Afrikanernasionalisme te versterk. Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie invloed die besondere kenmerke van Afrikanernasionalisme help bepaal het. Dit blyk veral uit die feit dat Nederlandse stamverwantskap nie 'n noemenswaardige rol in die onwikkeling van Afrikanernasionalisme gespeel het nie. Reeds in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek het die belangrike rol wat Nederlandse amptenare daar gespeel het, gelei tot 'n anti-Nederlandse gevoel onder sommige Afrikaners (vgl. Schutte, 1968:72-97). In die latere stryd om die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in die plek van Nederlands, is Nederlands aanvanklik deur sommige nasionaliste as 'n bedreiging gesien – 'n siening wat selfs daartoe gelei het dat Nederlandse boeke wat die Algemeen-Nederlands Verbond in Suid-Afrika versprei het nie oral welkom was nie en in enkele gevalle selfs in die openbaar verbrand is (Fockema, 1926). Nadat Afrikaans in 1925 die status van 'n amptelike taal verkry het, het die anti-Nederlandse gevoel verminder. Afrikaanse akademici het steeds besef dat kennis van die Nederlandse taal en letterkunde nodig is om Afrikaans te versterk, en Nederlands is saam met Afrikaans op skole en universiteite bestudeer, maar vir die gewone Afrikaner het Nederlands 'n vreemde taal en die Nederlanders 'n vreemde volk gebly (vgl. De Graaff, 1993:304-308). Van 'n inklusiewe nasionalisme wat Afrikaners, Nederlanders en Vlaminge omvat het, was daar onder die Afrikaners nooit sprake nie.

Onder die Nederlandse immigrante was daar Calviniste wat deur die beskouinge van Kuyper en sy volgelinge beïnvloed is, soos byvoorbeeld prof. J. Kamp, maar dit was beslis nie die geval ten opsigte van al die immigrante en waarskynlik ook nie ten opsigte van die meerderheid onder hulle nie. Onder die Afrikaners wat noue kontak met Nederland gehad het, was daar ook diegene wat sterk deur Kuyper en ander Calviniste beïnvloed is, soos byvoorbeeld S.J. du Toit en sy seun Totius, maar ander, soos Hertzog en Malan, is tydens hul verblyf in Nederland nie deur hierdie denkrigting beïnvloed nie. Dit bevestig die stelling wat vroeër in die artikel gemaak is, naamlik dat die beskouinge van Kuyper nie, soos Moodie (1975) en Hexham (1981) beweer, 'n kardinale invloed op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gehad het nie. Kuyper, wat sowel 'n Calvinistiese denker van formaat as 'n sterk Nederlandse nasionalis was, se beskouinge het dus nóg Nederlandse nóg Afrikanernasionalisme sterk beïnvloed. Nie een van die twee vorme van nasionalisme kan dan ook as 'n wesenlik Christelike vorm van nasionalisme getipeer word nie. Trouens, uit die kort algemene bespreking van nasionalisme hierbo blyk reeds dat nasionalisme bepaalde ideologiese momente het wat dit in wese onversoenbaar maak met 'n konsekwent Christelike beskouing. Nasionalisme impliseer steeds 'n sentraal-stelling, selfs verabsolutering van die volk, terwyl in 'n Christelik-Calvinistiese beskouing die volk 'n meer beperkte plek beklee. Die beskouinge van figure soos Kuyper en Stoker, wat albei sterk nasionalistiese strewes gehad het, toon dan ook die invloed van die nie-Christelike denkrigtinge wat in hul tyd

dominerend was en word deur sommige skrywers gesien as 'n afwyking van suiwer Calvinisties-Christelike denke oor hierdie sake (vgl. Botha, 1981:44-48; De Klerk, 1989a; Van Wyk, 1994; Van der Walt, 1995).

## Bronne


AKENSON, D.H. 1992. God's peoples. Covenant and land in South Africa, Israel and Ulster. Ithaca : Cornell University.

BOOGMAN, J.C. & TAMSE, C.A. *reds.* 1978. Emancipatie in Nederland. De ontvoogding van burgerij en confessionelen in de negentiende eeuw. Den Haag : Nijhoff.

BOTHA, M.E. 1982. Christelik-nasionaal: outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme? Potchefstroom : PU vir CHO.

BREUILLY, J. 1993. Nationalism and the state. Manchester : University Press.

BROEKMAN, J.H. 1936 De derde Dietsche studiereis Nederland Zuid-Afrika, Juni-October 1936. *Neerlandia*, 40(12):257-260.

COETZEE, C. 1995. Individual and collective notions of the 'Promised Land': The 'private' writings of the Boer emigrants. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 32:48-65.

COLIJN, H. 1940. Saevis tranquillus in undis. Toelichting op het anti-revolutionair beginselprogram. Amsterdam : De Standaard.

COUWENBERG, S.W. 1994. Nationaliteit en nationalisme. Bron van integratie en desintegratie. Den Haag : SDU.

COUWENBERG, S.W. 1995. Honderd jaar ANV. Terug- en vooruitblik. *Neerlandia*, 99(1):4-8.

CRAEYBECKX, J., e.a. 1988 1585: op gescheiden wegen Leuven : Lovanii-Peeters.

DAVENPORT, T R H 1966. The Afrikaner Bond. The history of a South African political party, 1880-1911 Cape Town, Oxford : University Press.

DEGENAAR, J J. s.j. The roots of nationalism. Cape Town : Academica.

DE GRAAFF, B H.J. 1993. De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners, 1902-1930. Amsterdam : Suid-Afrikaanse Instituut.

DEKKER, G 1966. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Kaapstad : Nasou. (Hersiene uitgawe.)

DE KLERK, P. 1989a. Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14 (1):43-81.

DE KLERK, P 1989b. Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14(2):90-131.

DE KLERK, W A 1975. The Puritans in Africa. A history of Afrikanerdom. Harmondsworth : Penguin.

DE SCHEPPER, H 1987 'Belgium Nostrum' 1500-1650. Over integratie en desintegratie van het Nederlands Antwerpen : Orde van de Prince.

DU TOIT, A 1983 No chosen people: The myth of the Calvinist origins of Afrikaner Nationalism and racial ideology. *American Historical Review*, 88 (4):20-52.

DU TOIT, A. 1984 Captive to the nationalist paradigm: Prof. F.A. van Jaarsveld and the historical evidence for the Afrikaner's ideas on his calling and mission. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 16:49-80.

DU TOIT, A. 1985. Puritans in Africa? Afrikaner "Calvinism" and Kuyperian Neo-Calvinism in late nineteenth-century South Africa *Comparative Studies in Society and History*, 27(2):209-240.

FOCKEMA, R A 1926. Het Hollandsch in Zuid-Afrika. *Neerlandia*, 30:56-58

FURLONG, P.J. 1991. Between crown and swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist era. Hanover (NH) : Wesleyan University.

GALEMA, A. *et al.* 1993. Images of the nation. Different meanings of Dutchness, 1870-1940. Amsterdam : Atlanta.

GELLNER, E. 1983. Nations and nationalism. Oxford : Blackwell.

GILIOMEE, H. 1987. The beginnings of Afrikaner Nationalism, 1870-1915. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 19:115-142.

GOLLWITZER, H. 1969. Europe in the age of imperialism, 1880-1914. London : Thames & Hudson.

GRUNDLINGH, A.M. 1993. Part 3: 1934-1948. (*In* Liebenberg, B.J. & Spies, S.B. *eds.* South Africa in the twentieth century. Pretoria : Van Schaik. p. 267-318.)

HEXHAM, I. 1981. The irony of apartheid: The struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism. New York : Edwin Mellen.

HOFMEYR, I. 1987. Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924. (*In* Marks, S. & Trapido, S. *eds.* The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa. London : Longman. p. 95-123.)

KANNEMEYER, J.C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, deel I. Kaapstad : Academica.

KEDOURIE, E. 1966. Nationalism. London : Hutchinson. (Derde uitgawe.)

KELLAS, J.G. 1991. The politics of nationalism and ethnicity. London : Macmillan.

KOHN, H. 1961. The idea of nationalism. A study in its origins and background. New York : Macmillan. (Hersiene uitgawe.)

KOHN, H. 1965. Nationalism. Its meaning and history. Princeton : Van Nostrand.

KOSSMANN, E.H. 1994. Een tuchteloos probleem. De natie in de Nederlanden. Leuven : Davidsfonds.

KRUGER, D.W. *ed.* 1960. South African parties and policies, 1910-1960. A select source book. Cape Town : Human & Rousseau.

KUITENBROUWER, M. 1991. The Netherlands and the rise of modern imperialism. Colonies and foreign policy, 1870-1902. New York : St Martin's.

KUIPER, R. 1993. Orthodox Protestantism, Nationalism and foreign affairs. (*In* Galema A. *et al.* Images of the nation. Different meanings of Dutchness 1870-1940. Amsterdam : Atlanta. p. 39-58.)

KUYPER, A. 1907. "Ons program." Hilversum : Höveker & Wormser. (Vyfde hersiene druk.)

LIEBENBERG, B.J. Part 5: 1966-1991. (*In* Liebenberg, B.J. & Spies, S.B. *eds.* South Africa in the twentieth century. Pretoria : Van Schaik. p. 421-540.)

LLOBERA, J.R. 1994. The God of modernity. The development of nationalism in Western Europe. Berg : Oxford/Providence (USA).

LOUW, N.P.v.W. 1958. Liberale nasionalisme. Gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners met 'n kulturele nadrup. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

MEYER, P.J. 1935. Die eerste Diets-Afrikaanse studiereis na die Nederlande. *Neerlandia*, 39(3):43-44.

MICHENER, J.A. 1980. The covenant. London : Secker & Warburg.

MOLL, J.C. 1985. Fascisme. Die problematiek van verklaringsvariante. Bloemfontein : UOVS.

MOODIE, T.D. 1975. The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion. Berkeley : University of California Press.

MUNGER, E.S. 1967. Afrikaner and African nationalism. London : Oxford University.

OBERHOLSTER, J.J. 1975. Die oorsprong van Afrikaner-nasionalisme. (*In* Geyser, O. & Marais, A.H. *reds.* Die Nasionale Party, deel 1. Bloemfontein : UOVS. p. 3-51.)

O' MEARA, D. 1983. Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948. Johannesburg : Ravan.

PLOEGER, J. 1952. Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 15(1).

PLOEGER, J. 1995. Nederlanders in Transvaal, 1850-1950. Pretoria : Van Schaik.

POTGIETER, P.J.J.S. 1976. L.J. du Plessis as denker oor staat en politiek. Potchefstroom : PU vir CHO.

SCHELLACK, W. 1992. The Afrikaners' Nazi links revisited. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 27:173-185.

SCHER, D.M. Part 4: 1948-1966. (*In* Liebenberg, B.J & Spies, S.B. *eds.* South Africa in the twentieth century. Pretoria : Van Schaik. p. 321-418.)

SCHOLTZ, G.D. 1977. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV: 1881-1899. Johannesburg : Perskor.

SCHOLTZ, G.D. 1979a. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel V: 1899-1910. Johannesburg : Perskor.

SCHOLTZ, G.D. 1979b. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel VI: 1910-1924. Johannesburg : Perskor

SCHOLTZ, G.D. 1979c. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel VII: 1924-1939. Johannesburg : Perskor

SCHUTTE, G.J. 1968. De Hollanders in Krugers Republiek, 1884-1899. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

SCHUTTE, G.J. 1986. Nederland en de Afrikaners. Adhesie en aversie. Franeker : Wever.

SCHUTTE, G.J. 1987. The Netherlands, cradle of apartheid? *Ethnic and Racial Studies*, 10(4):392-414.

SCHUTTE, G.J. 1988. Het Calvinistisch Nederland. Utrecht : Bijleveld

SCHUTTE, G.J. 1993. De roeping ten aanzien van het oude Broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1919. Amsterdam : Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging.

SMIT, K. 1989. Abraham Kuyper en volksideologie onder die Afrikaners. *In die Skriflig*, 23 (3):45-55.

SMITH, A.D. 1971. Theories of nationalism. London : Duckworth.

SNYDER, L.L. 1976. Varieties of nationalism. A comparative study. Hinsdale (Ill.) : Dryden.

TEMPLIN, J.A. 1984. Ideology on a frontier. The theological foundation of Afrikaner nationalism, 1652-1910. Westport : Connecticut, Greenwood

TE VELDE, H. 1992. Gemeenschapszin en plichtsbesef. Liberalisme en nationalisme in Nederland, 1870-1918. 's-Gravenhage : SDU.

THOM, H.B. 1980. D.F. Malan. Kaapstad : Tafelberg.

THOM, H.B. 1988. Dr. D.F. Malan en koalisie. Kaapstad : Tafelberg.

VAN BERNE, F. 1995. Het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1940. (*In* Van Hees, P. & De Schepper, H. *reds.* Tussen cultuur en politiek. Het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1995. Hilversum-Den Haag : Verloren-ANV. p. 31-117.)

VAN DER WALT, B.J. 1976. Is die Christelik-nasionale beginsel Calvinisties? *Fokus*, 4:397-410.

VAN DER WALT, M.F. 1995. Die verband tussen skeppingsordinansies en kulturele vormgewing by A. Kuyper. *Koers*, 60(2):237-257.

VAN EIJNATTEN, J. 1993. God, Nederland en Oranje. Dutch Calvinism and the search for the social centre. Kampen : Kok.

VAN HEES, P. 1995. Het Algemeen-Nederlands Verbond 1940-1945. (*In* Van Hees, P. & De Schepper, H. *reds* 1995. Tussen cultuur en politiek. Het Algemeen-Nederlands Verbond 1895-1995. Hilversum-Den Haag . Verloren-ANV. p. 121-136.)

VAN JAARSVELD, F.A. 1957. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881. Johannesburg : Voortrekkerpers.

VAN JAARSVELD, F.A. 1958. Die Afrikaner en sy geskiedenis. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

VAN JAARSVELD, F.A. 1962. Lewende verlede. Johannesburg : APB.

VAN KOPPEN, C.A.J. 1992. De Geuzen van de negentiende eeuw. Abraham Kuyper en Zuid-Afrika. Maarssen : Inmerc bv.

VAN NIEKERK, P.J. 1984. Ideologieë parasiteer op God se skepping. 'n Suider-Afrikaanse toepassing. (*In* Instituut vir Reformatoriese Studie. Ideologiese stryd in Suider-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 28-35.)

VAN SAS, N.C.F. 1993. Varieties of Dutchness. (*In* Galema, *et al.* Images of the nation. Different meanings of Dutchness, 1870-1940. Amsterdam . Atlanta. p. 5-16.)

VAN WYK, J.H. 1994. Liberale konserwatisme? H.G. Stoker en die ideologie van apartheid: 'n verkenning. *Koers*, 59 (3&4):435-454.

VON DER DUNK, H.W. 1990. Cultuur en geschiedenis. Negen opstellen. 's- Gravenhage : SDU.

WALTMANS, H. 1995. Europa en het nationalisme. 's-Gravenhage : Algemeen-Nederlands Verbond.

ZIETSMAN, P.H. 1992. Die taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal. Pretoria : Unisa.